

## Sondag 26 Mei

**Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:32**

### **Niks kan my van God se liefde skei nie**

Paulus verwys in hierdie gedeelte na *al hierdie dinge*. Dit is die feite aangaande God se genade soos dit in die evangelie verkondig en in die nagmaal afgebeeld word. Daarom kan ons vrede belewe. Elke gelowige is saam met Christus 'n oorwinnaar.

Die wonderlike geloofsfeite oor God se vryspraak dring Paulus om dit in 'n geloofslied te verwoord. Hy verklaar kragtig:

- God is *vir* jou (8:31).
- Dit maak van gelowiges meer as oorwinnaars (8:37).

Hoe weet ek God is *vir* my? *Al hierdie dinge* wys daarop. Daarmee verwys Paulus na my skuld voor God, daarom het die Vader sy Seun oorgegee, Christus het betaal vir my skuld en ek het God se vryspraak deur my geloof in Christus. As ek hierdie geloofsfeite vir my lewe toe-eien, is daar twee wonderlike implikasies:

- Niks en niemand kan keer dat God sy genadewerk in my lewe kan voltooi nie (8:31, 33).
- God *sál* op my nood let. Hy het immers alreeds sy Seun gegee. Niks van wat vir my goed is, sal Hy van my terughou nie.

Dit beteken nie dat ek nooit sal swaarkry nie. In my swaarkry kan ek egter weet dat die Heilige Gees (8:26) en Jesus Christus vir my by God pleit (8:34). Die gevolg van die Heilige Gees en Christus se intrede is dat ek nooit deur enige omstandighede (8:35-39) van God (8:35) of Christus (8:39) se liefde geskei sal wees nie.

Nagmaal laat my duidelik die volle gloed van God se liefde sien en beleef. Sy toorn is van my afgewend. Deur sy liefde kan ek werklik en altyd vrede met Hom ervaar.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6*

*Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspruit)*